Dr. J. T. BAKKER, *Kerugma en Prediking*, J. H. Kok N.V., Kampen. 36 bls. Prys in Nederland fl. 1.50.

Met hierdie rede het dr. J. T. BAKKER op 28 Mei 1957 prof. dr. K. DIJK aan die *Theologische Hogeschool* te Kampen as hoogleraar in die vakgebied wat ons as Praktiese Theologie aandui, opgevolg. Betreklik kort daarvoor het BAKKER op die uitstekende proefskrif *Coram Deo. Bijdrage tot het onderzoek naar de structuur van Luthers theologie* aan die Vrije Universiteit te Amsterdam promoveer.

In hierdie uiteensetting probeer BAKKER om die vraag: Wat is prediken? te beantwoord en dan veral ook die daarmee saamgaande vraag: Vanwaar kry die prediker die volmag om te stel dat sy verkondiging die bediening van die Woord van God is? Die vraag waar dit hier om gaan, is die vraag na die *praesentia realis* van God in die predeking. Hoewel

dit in die sakrament deur die hervormers Luther en Calvyn verskillend opgevat is, wys BAKKER terloops daarop dat in die waardering van die heilshistoriese in die prediking die hervormers nie so ver van mekaar af staan nie.

In sy ondersoek betrek BAKKER sowel die O.T. as die N.T. en maak dan die stelling: „De prediking heeft dus geen ander kerugma, geen ander evangelie dan wat ons in de H. Schrift als Zelfopenbaring Gods geschonken wordt, maar in de prediking wordt deze Zelfopenbaring onthuld in haar actualitieit en geldigheid ook voor het heden, waarin de verkondiging uitgaat." En hierin lê vir BAKKER die samegaan van kerugma en prediking opgeslote.

Hierdie intreerde is van werklike belang en word met graagte aanbeveel by hulle wat elke Sondag die voorreg en die verantwoordelikheid het om die Woord van God aan die gemeente te bedien.

A. D. PONT.